PLATINUM Weekblad/Weekly



SPORT

SPORT

# Week 3 van 2020 Superugby

**Blues vs Crusaders**
In Auckland klop die Saders die Blues op hul tuisveld 25-8. Dit was glad nie 'n mooi wen nie, maar *coach* Scott was tevrede met die *comeback* na hulle neerlaag teen die Chiefs. Die Saders speel volgende teen die Highlanders in Christchurch.
Die Blues reis Suid-Afrika toe om teen die Bulle op Fort Loftus uit te draf.

**Rebels vs Waratahs**
Die Waratahs se nagmerrie-seisoen duur voort en verloor vir die eerste keer teen die Rebels 24-10. Die Aussie *cappie*, Michael Hooper, het die kapteinskap opgegee aan die begin van die seisoen vir die Tahs, en dit was dalk 'n voetfout ou grote.
Die Tahs het gelukkig 'n loslootjie vir week vier en kan dan die stukke weer probeer optel in 'n droewige 2020 seisoen tot dusver.
Die Rebels speel tuis in Melbourne teen die Haaie.

**Sunwolves vs Chiefs**
Die Japanese Wolwe het moedig probeer voor 'n groot skare maar die Chiefs was net een te veel en wen hierdie aanskoulike *game* 43-17 in Tokio.
Die Wolwe reis Australië toe om teen die Reds in Brisbane te gaan uitdraf. Die Chiefs gaan teen die Brumbies in Hamilton uitdraf.

**Hurricanes vs Haaie**
Die Canes het getoon dat hulle nie sommer moet afgeskryf word nie ou grote. Na 'n moeilike toer in SA en Argentinië toe, behaal hulle 'n klinkende oorwinning oor die Haaie en wen 38-22 in Wellington. Die Haaie moes sonder Curwin Bosch klaarkom en die groentjie Boeta Chamberlain is ingespan vir die een maar moes die veld na slegs tien minute verlaat met harsingskudding. Die ewe jong reserwe skrummie, Sanele Nohamba, moes toe noodgedwonge op losskakel diens doen.
Die Canes het volgende 'n loslootjie terwyl die Haaie Melbourne toe moet reis om teen die Rebles uit te draf.

**Brumbies vs Highlanders**
In Canberra verloor die Brumbies dramaties 23-22 teen die Highlanders. Die Brumbies haker, Folau Fainga'a, het 'n droom-*game* en sy drie drieë was steeds nie genoeg om die *game* te wen nie. Nog 'n hoogtepunt vir die Brumbies was die verskyning van 'n agtienjarige skoolseun, Reesjan Pasitoa. Die seun is 1.83m en weeg 98kg. Fris vir 'n losskakel ou grote. Die Brumbies moet volgende teen die Chiefs in Hamilton gaan uitdraf met die Highlanders wat teen die Crusaders in Christchurch loop speel.

**Leeus vs Stormers**
In 'n riller slaag die Kapenaars daarin om 'n moedige Leeuspan 33-30 te klop ou grote. Ruhan Nel, gewese Blitsbok, druk die wendrie in die 83ste minuut. Hartverskeurend maar waar, so leer mens om tot die eindfluitjie blaas te fokus maat.
Die Kapenaars het ook hard teruggekom na planeet aarde toe. Die Leeus se nuwe *cappie*, Elton Jantjies, het dalk sy beste *game* ooit gespeel en het die hoogaangeskrewe Damian Willemse oorkant aangesit op die dag se spel.
Die *Jo'burgers* het in week vier 'n loslootjie. Die Stormers moet teen die Jaguares in Kaapstad uitdraf.

**Jaguares vs Reds**

# NAAS LEI RHS SE
## VIRSEKERBEKER-AANSLAG

**Rustenburg -** Hoërskool Rustenburg (RHS) neem vanjaar nog 'n tree in sy strewe na uitnemendheid deur Naas Olivier as rugby-ontwikkelingsbestuurder aan te stel.
Hierdie rugby-uitbreiding het ten doel om RHS rugby na selfs hoër hoogtes te neem en hul toe te rus om kompeterend aan die sterkste been van die Virsekerbeker deel te neem.
Olivier se primêre verantwoordelikheid sluit die ontwikkeling van rugby se professionele been en die verdere implimentering van die rugbybloudruk in.
In 'n onderhoud met *Platinum Weekly* het RHS hoof Hennie Pieterse gesê: "Naas Olivier is die gesig wat ons wil assosieer met RHS-rugby. Ons was baie beïndruk met Naas se rugby-vaardigheid en sy agtergrond. Ons het volle vertroue in hom en weet hy sal beslis 'n aanwas wees om RHS rugby nog sterkte te maak".
Sy ervaring sluit nie net professionele spel in nie, maar ook internasionale afrigtings-akkreditasie. Gedurende sy rugby loopbaan speel hy 41 Super Rugbywedstryde, 81 Curriebeker-wedstryde en 42 internasionale klubwedstryde in Italië en Frankryk. Hy beskik ook oor 'n vlak een, twee en drie internasionale rugbyraad-afrigtingssertifikaat.
Pieterse is baie opgewonde oor Olivier se aanstelling en glo dat dit die skool se uitnemende aard ondersteun. Hy bedank ook Klub500 en EBJ Holdings wat as finansiële vennoot hierdie rugby-uitbreiding ondersteun.
"Ons wil nie net deelnemers wees in die Virsekerbeker nie, ons wil kompeteerders wees. Ek glo dat Olivier ons deel van die *'big leagues'* sal maak," las Pieterse by.
"Ek is al die afgelope twee jaar reeds betrokke by RHS se rugby en van dag een af was dit wonderlik om met die fenomenale rugbyspelers te werk. Ek is baie dankbaar vir die geleentheid om nou voltyds deel te wees van die dinamiese skool. Dit is 'n wonderlike geleentheid om 'n positiewe impak op jong mense se lewens te maak," sê Olivier.




RHS rugby-ontwikkelingsbestuurder Naas Olivier.

# MUNICIPAL EMPLOYEE EYES MS SA PLUS

**Rustenburg –** Mammone Aphiri, a Bojanala Platinum District Municipality administrator, is representing North West in the 2019/ 20 Ms South Africa (SA) Plus Intercontinental pageant.
The 51-year old Aphiri was excited as she explained to *Platinum Weekly* how taking part in the contests has enabled her to contribute in changing the lives of disadvantaged members of the community.
"I began taking part in modelling at a very young age in 1982. The opportunity of improving the lives of people through the various charity and community initiatives we take part in during these pageants is something I take pride in," she said.
Aphiri will be competing against six other contestants during the finals in Bloemfontein on Saturday 4 April.
The winner of the pageant will represent South Africa in an international contest to be held in the United States of America.
On 21 January, Aphiri donated five pairs of school shoes to learners at Marikana Primary School. She was back at the school on 14 February to donate sanitary pads to Grade 7 learners. "My platform in the pageant is 'Touching lives' and this captures the empowerment initiatives I am involved in," Aphiri explained.




Mammone Aphiri

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| PW EVENTS | Date | Venue | Tel | Email |
|---|---|---|---|---|
| Aand van Legendes | 21 Feb '20 | Thabazimbi: HFM | 076-157-4300 | ob@hfm.co.za |
| Golf dag vir Marno | 25 Feb '20 | Roodepoort: Eagle Canyon | 082-519-6725 | babymarno1@gmail.com |
| Disco DJ | 28 Feb '20 | Rustenburg: Midnight @ Sportsbar | 076-500-5787 | midnight.sportbar@gmail.com |
| Tjokker Live | 28 Feb '20 | Rustenburg: Buffalo Grill | 076-756-910 | info@buffalogrill.co.za |
| Jan Rhaap Live | 28 Feb '20 | Rustenburg: 2 Riviere Pub and Grill | 076-299-7238 | vollensteecc@gmail.com |
| Leap Year Celebrations | 29 Feb '20 | Rustenburg: Midnight @ Sportsbar | 076-500-5787 | midnight.sportbar@gmail.com |
| Spoegwolf 'See' Album Launch | 29 Feb '20 | Rustenburg: 2 Riviere Pub and Grill | 076-299-7238 | vollensteecc@gmail.com |
| Pool & Potjie | 01 Mrt '20 | Rustenburg: Midnight @ Sportsbar | 076-500-5787 | midnight.sportbar@gmail.com |
| Buffelspoort Karnaval | 07 Mrt '20 | Rustenburg: Buffelspoort | 082 377 8682 | karnaval@rtbgkerk.org.za |
| Dwergie fees | 7 Mrt '20 | Ventersdorp: Club Amigos | 071-639-2599 | dwergiessa@gmail.com |
| Radio Raps Live | 8 Mei '20 | Rustenburg: Hedgehog's Nest | 082-663-7281 | info@hedgehogsnest.co.za |
| Bobby en Karlien | 28 Mei ' 20 | Rustenburg: Laerskool Vastrap | 014-597-1817 | vastrap@vastrap.co.za |